RAADSBELEID

ONDERWERP : VULLISVERWYDERING

VERWYSING : 16.5.1.2

BESLUIT NR : 16.1/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om ‘n aanvaarbare vullisverwyderings-beleid wat aanvaarbaar is vir inwoners, daar te stel.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken sy verantwoordelikheid om ‘n doeltreffende vullisverwyderingsdiens vir sy inwoners te verskaf en poog om met die toerusting tot sy beskikking en die insae van sy inwoners, ‘n aanvaarbare vullisverwyderingsdiens daar te stel.

RIGLYNE

1. **Huisvullis**

Huishoudelike vullis word slegs verwyder indien dit in ‘n goedgekeurde swartsak geplaas word en op die sypaadjie voor die woning uitgesit is.

Met huishoudelike vullis word bedoel enige vullis wat normaalweg afkomstig is van ‘n woning en omvat ook vrugte, groenteskille en papiere, maar sluit nie klippe, grond, boupuin, verfblikke, ens., in nie.

Vullis word op vakansiedae verwyder, buiten Kersdag (25 Desember) en Nuwejaarsdag, (1 Januarie). Op genoemde dae word vullis nie verwyder nie en moet die vullis gedurende dieselfde week verwyder word.

1.1 Dorpsgebied

Word weekliks verwyder.

Vullisverwydering vanaf besighede, skole, hospitale en sakepersele word gelewer na gelang van volume en tipe vullis (byvoorbeeld, voedselpersele word meer gereeld verwyder as ander besighede).

1.2. Landelike woongebiede

Word tweeweekliks verwyder**.**

2. **Tuinvullis**

Met tuinvullis word bedoel vullis van ‘n tuinboukundige (plantaardige) oorsprong en sluit nie uitgrawingsmateriaal en bourommel in nie.

Gebiede wes van Brugstraat, Louisevaleweg, Paballelo en landelike woongebiede word tuinvullis, indien dit in ‘n hanteerbare heelhouer op die sypaadjie voor die woning geplaas is, vanaf wonings verwyder.

Inwoners in ander gebiede is self verantwoordelik om hulle tuinvullis na stortingspunte deur die Raad aangewys, te vervoer.

Periodieke opruiming van ongemagtigde vullistortings sal gedoen word en waar die oortreder opgespoor kan word, sal die koste van die oortreder verhaal word.

3. **Bourommel**

Met bourommel word bedoel nie-toksiese materiaal wat hulle oorsprong weens bou- en konstruksie aktiwiteite het en omvat ook boupuin en oortollige uitgrawingsmateriaal.

Bourommel word nie deur die Raad verwyder nie en verwydering moet deur die inwoner/kontrakteur gedoen word.

Die afdeling Siviele Ingenieursdienste sal punte identifiseer waar bourommel gestort mag word.

4. **Nywerheidsafval**

Met nywerheidsafval word bedoel toksiese of nie-toksiese afval wat tydens die bedryf van ‘n besigheid of nywerheid ontstaan.

Die Raad het geen verpligting om voorsorg vir voorsiening van ‘n terrein vir nywerheidsafval te tref nie, maar kan onder bepaalde voorwaardes toestemming verleen dat die tipe afval wél by die Duinestortingsterrein ontvang word. Toksiese materiaal sal nie op die terrein ontvang word nie.

Nywerheidsafval kan geweldige volumes beslaan en die feit dat die nyweraar direkte finansiële voordeel trek uit die proses waarvolgens sodanige nywerheidsafval gegenereer word, moet die storting teen werklike kosteverhaling plaasvind. Die nyweraar moet dus vooraf aansoek doen om nywerheidsafval te stort en 'n kosteberaming sal vooraf verskaf word.

5. **Privaatverwyderings**

Indien privaatverwyderings gedoen word, moet verseker word dat die vullis nie van die voertuie afwaai nie.

ROLLE
Die Hoof Omgewingsgesondheid is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

VERWANTE BELEID
Standaardverordening insake Strate, PK 562/89 gedateer 2 Oktober 1989.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.